



23 September 2014

Geagte Aandeelhouer,

**KENNISGEWING VAN DIE HEROPENING VAN DIE KWV HOLDINGS BPK AANDELE
VERHANDELINGSPLATVORM**

Aandeelhouers word herinner aan die Kennisgewing aan Aandeelhouers, soos gepubliseer op die KWV webwerf op 23 Julie 2014, waar ons kennis gee van die tydelike opskorting van die KWV aandeel verhandelingsplatform.

Bestuur van KWV het sedertdien in kontak getree met die Finansiële Dienste Raad ("FDR") in hierdie verband. In lyn met hul finale direktief gepubliseer op 11 Julie 2014, asook hul persverklaring gepubliseer op 1 September 2014 het KWV aansoek gedoen om tydelike vrystelling van artikel 7(1) van die Wet op Finansiële Markte, 2012 ("die Wet") wat bepaal dat 'n beurs gelisensieer moet word.

Die FDR het aan KWV hierdie tydelike vrystelling tot 31 Maart 2015 verleen en dus sal die werking van die oor-die-toonbank verhandelingsplatform vanaf 25 September 2014 weer kan voortgaan.

Bestuur van KWV sal aanhou om in gesprek met die FSB te tree en die opsies te oorweeg ten einde die voortbestaan van die aandeel verhandelingsplatform te verseker. Aandeelhouers sal op hoogte gehou word van verdere ontwikkelinge.

Vriendelike groete

A W Eksteen
Direkteur: Litigasie & Risiko

KWV HOLDINGS LIMITED

57 Main Street Paarl 7646 South Africa . PO Box 528 Paarl 7624 South Africa

Tel +27 21 807 3911 Fax +27 21 807 3000 E-mail customer@kwv.co.za www.kwv.co.za

Directors M J A Golding (Chairman), *A Van Der Veen (Chief Executive Officer), J A Copelyn, Ms F A Du Plessis, N L Ellis, M N Joubert, K I Mampeule, Ms K R Moloko, Prof L A Van Dyk, *DP Smit, A W Eksteen (Secretary) *Executive Director



23 September 2014

Dear Shareholder,

NOTICE OF THE REOPENING OF THE KVV HOLDINGS LTD SHARE TRADING PLATFORM

Shareholders are referred to the Notice to Shareholders published on the KVV website on 23 July 2014, where we advised of the temporary suspension of the KVV share trading platform.

KVV management have since been in contact with the Financial Services Board's ("FSB") in this regard. In line with the FSB's final directive published on 11 July 2014 as well as their press release published on 1 September 2014, KVV submitted an application for temporary exemption from section 7(1) of the Financial Markets Act ("the Act") which requires that an exchange should be licenced.

The FSB granted this temporary exemption to KVV until 31 March 2015 which allows us to reopen the over-the-counter trading platform from 25 September 2014.

Management of KVV will continue to engage with the FSB while investigating the options to ensure the future operation of the share trading platform. Shareholders will be kept informed of new developments.

Yours faithfully

A W Eksteen
Director: Legal & Risk

KVV HOLDINGS LIMITED

57 Main Street Paarl 7646 South Africa . PO Box 528 Paarl 7624 South Africa
Tel +27 21 807 3911 **Fax** +27 21 807 3000 **E-mail** customer@kvv.co.za **www.kvv.co.za**
Directors M J A Golding (Chairman), *A Van Der Veen (Chief Executive Officer), J A Copelyn, Ms F A Du Plessis, N L Ellis, M N Joubert, K I Mampeule, Ms K R Moloko, Prof L A Van Dyk, *DP Smit, A W Eksteen (Secretary) ***Executive Director**